AANHANGSEL A

VORMS

REGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIENSTE VIR SLAGOFFERS VAN SEKSUELE MISDRYWE EN VERPLIGTE MIV-TOETSING VAN BEWEERDE SEKSUELE OORTREDERS EN NASIONALE REGISTER VIR SEKS-OORTREDERS

WYSIGINGSWET OP DIE STRAFREG (SEKSUELE MISDRYWE EN VERWANTE AANGELEENTHEDE), 2007 (WET NO. 32 VAN 2007)

DEEL I VAN REGULASIES: DIENSTE VIR SLAGOFFERS VAN SEKSUELE MISDRYWE EN VERPLIGTE MIV-TOETSING VAN BEWEERDE OORTREDERS

Vorm 1	Kennisgewing van dienste beskikbaar aan slagoffer
Vorm 2	Aansoek vir MIV-toetsing van beweerde oortreder deur slagoffer of belanghebbende persoon
Vorm 3	Bevel deur landdros vir MIV-toetsing van beweerde oortreder op aansoek van slagoffer of belanghebbende persoon
Vorm 4	Kennisgewing aan oortreder aangaande bevel om MIV-toetsing
Vorm 5	Aansoek vir MIV-toetsing van beweerde oortreder deur ondersoekbeampte
Vorm 6	Bevel deur landdros vir MIV-toetsing van beweerde oortreder op aansoek van ondersoekbeampte
Vorm 7	Aantekening van MIV-toetsuitslae verkry ingevolge bevel deur landdros
Vorm 8	Kennisgewing wat inligting aangaande vertroulikheid van en hoe om MIV-toetsuitslae te hanteer, bevat
Vorm 9	Aansoek om lasbrief vir inhegtenisneming
Vorm 10	Lasbrief vir inhegtenisneming

VORM 1

[Regulasie 2(2)]

KENNISGEWING VAN DIENSTE BESKIKBAAR AAN SLAGOFFER

Artikel 28(3) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)(die Wet)

(Om oorhandig te word aan die slagoffer van 'n beweerde seksuele misdryf of 'n belanghebbende persoon deur 'n polisiebeampte by wie 'n klag gelê is of deur die geneesheer, verpleër of verpleegster by wie die voorval aangemeld is)

Hierdie inligtingstuk sal u van inligting voorsien, en aan u besonderhede verskaf van die dienste wat aan 'n slagoffer van 'n beweerde seksuele misdryf beskikbaar is aangaande die ontvangs van Na-blootstellingsprofilakse (PEP) vir moontlike MIV-infeksie (Deel I van hierdie inligtingstuk) en vir die toetsing van 'n beweerde seksuele oortreder vir MIV (Deel II van hierdie kennisgewing).

NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN DIE VOLGENDE:

Aantekening: Wie is 'n belanghebbende persoon?

Ingevolge artikel 27 van die Wet, is 'n belanghebbende persoon 'n persoon wat 'n wesenlike belang het in die welstand van 'n slagoffer, met inbegrip van-

- *'n gade;*
- *'n ouer;*
- *'n familielid;*
- *'n kurator;*
- *'n geneesheer;*
- *'n sosiale werker;*
- *'n permanente lewensmaat van dieselfde of teenoorgestelde geslag;*
- *'n voog;*
- *'n sorggewer;*
- *'n berader;*
- *'n gesondheidsorgvoorsiener;*
- *'n onderwyser of onderwyseres,*

van sodanige slagoffer.

DEEL I: TOEGANG TOT NA-BLOOTSTELLINGSPROFILAKSE ("*Post Exposure Prophylaxis*")

Wat is MIV?

MIV verwys na 'n infeksie met die menslike immuno-gebreksvirus. MIV vernietig belangrike selle wat die immuniteitsstelsel beheer en ondersteun. As gevolg daarvan kan die liggaam se natuurlike beskermingsmeganismes nie weerstand bied teen siektes nie. Die meeste mense wat met MIV besmet is ontwikkel uiteindelik VIGS en sterf aangesien hulle liggame nie langer enige weerstand teen siektes soos TB, longonsteking en breinvliesontsteking kan bied nie. Besmetting met MIV het derhalwe ernstige gevolge vir u as individu. Daar is tans geen geneesmiddel vir MIV/VIGS nie.

Hoe word MIV oorgedra?

MIV word op drie maniere oorgedra: via seksuele omgang; wanneer MIV-besmette bloed direk in die liggaam oorgetap word; en vanaf moeder na kind gedurende swangerskap, geboorte of tydens borsvoeding.

Kan ek aan MIV blootgestel word tydens 'n seksuele misdryf?

Ja u kan, indien die beweerde oortreder se bloed, semen of vaginale vloeistowwe u liggaam binnegedring het deur 'n sny of skaafwond op u vel, of, indien u byvoorbeeld vaginaal of anaal verkrag is en die beweerde seksuele oortreder se semen u liggaam binnegedring het, en hy of sy met MIV besmet is.

Wat is PEP?

PEP is 'n antivirale terapie wat ten doel het om die moontlikheid dat 'n individu met HIV besmet word, te verminder, na blootstelling aan die virus. Die behandeling behels gewoonlik die toediening van 'n groep medisynes (of sekere medisyne alleen) wat MIV teenwerk.

Dit is derhalwe belangrik dat PEP so gou as moontlik nadat die seksuele misdryf plaasgevind het, maar op die laatste binne 72 uur nadat die beweerde seksuele misdryf plaasgevind het, aan u toegedien word. PEP het geen uitwerking meer indien daarmee begin word meer as 72 uur na blootstelling aan die MIV-virus nie. Dit sal derhalwe slegs binne hierdie tydperk aan u gegee word. PEP word toegedien by 'n openbare gesondheidsinstelling wat deur die Minister van Gesondheid aangewys is. Dit word ook op Staatskoste gedoen. 'n Lys van aangewese gesondheidsinstellings binne 'n redelike afstand vanaf die polisiestasie waar die klagte gelê is of vanaf die gesondheidsinstelling waar die voorval aangemeld is, word by hierdie kennisgewing aangeheg. U sal gratis mediese advies ontvang betreffende die toediening van PEP, alvorens dit toegedien word. Dit is belangrik om daarop te let dat PEP nie aan u gegee sal word sonder u toestemming nie.

Kan ek ander mense aan die risiko blootstel om met MIV besmet te word as gevolg van my moontlike blootstelling aan MIV?

U kan nie MIV deur daaglikse kontak met ander mense oordra nie. MIV word nie deur omhelsing, groet met die hand, en die deel van kos, water of eetgerei oorgedra nie. Nietemin, aangesien MIV, onder andere, deur seksuele omgang oorgedra word, kon u dalk met MIV besmet geword het as gevolg van die beweerde seksuele misdryf en kan u vervolgens u seksmaat met wie u seks het nadat die seksuele misdryf teen u gepleeg is, besmet. U behoort veilige seks te beoefen totdat u met sekerheid vasgestel het dat u nie besmet is nie. Indien u swanger is, is daar 'n moontlikheid dat u MIV aan u ongebore baba kan oordra. Indien u borsvoed, is daar ook 'n moontlikheid dat u kind die risiko loop om MIV-infeksie op te doen. ***U moet deskundige advies inwin (wat kan insluit advies van een van die diensverskaffers vermeld op die laaste bladsy van hierdie kennisgewing) om die gevolge van die risiko van besmetting ten opsigte van uself, u seksmaat en ander persone te kan hanteer.***

Wat van ander seksueel oordraagbare infeksies?

Indien daar 'n moontlikheid is dat u blootgestel kon word aan die bloed, semen of vaginale vloeistowwe van die beweerde oortreder, loop u ook die risiko om met ander seksueel oordraagbare infeksies besmet te wees. Dit is in u beste belang om mediese advies in te win en, waar nodig, mediese hulp te kry rakende u moontlike blootstelling aan ander seksueel oordraagbare infeksies.

DEEL 2: VERPLIGTE MIV-TOETSING VAN BEWEERDE SEKSUELE OORTREDER

Hoe kan ek my moontlike blootstelling aan MIV gedurende die beweerde seksuele misdryf hanteer?

U kan by 'n landdros aansoek doen om die beweerde oortreder vir MIV te laat toets en dat die uitslae aan u bekend gemaak word.

Kennis van die MIV-status van die beweerde seksuele oortreder kan u in 'n beter posisie plaas om –

- vas te stel of u blootgestel was aan die risiko om met MIV besmet te kon word tydens die pleeg van die beweerde misdryf teen u;
- besluite te neem aangaande die beskerming van u seksmaat en andere teen MIV-infeksie.

Nietemin, u moet deskundige advies inwin oor hoe om die implikasies van die risiko van infeksie teenoor uself, u seksmaat en andere te hanteer. Die toetsuitslag van 'n verpligte MIV-toets mag nie betroubaar wees nie omdat die beweerde oortreder in die venstertydperk mag wees terwyl hy of sy vir MIV getoets word. Dit beteken dat die toetsuitslag mag wys dat die beweerde seksuele oortreder negatief is, terwyl hy of sy inderdaad MIV positief is. U moet derhalwe met 'n deskundige praat voordat u enige mediese of lewenstyl besluite neem op grond van die toetsuitslag. Bowendien moet u in aanmerking neem dat 'n MIV-positiewe toetsuitslag nie noodwendig beteken dat die virus aan u tydens die seksuele misdryf oorgedra is nie.

Dit is in u beste belang om uself vir MIV te laat toets wanneer u gereed voel daarvoor. Maak intussen seker dat u veilige seks beoefen.

Hoe doen ek aansoek vir die MIV-toetsing van die beweerde seksuele oortreder?

- Lê 'n klag by die polisiestasie naaste aan die plek waar die misdryf plaasgevind het.
- Die klag sal deur die polisie ondersoek word, maar u kan onmiddellik aansoek doen vir die MIV-toetsing van die beweerde seksuele oortreder.
- Lig die ondersoekbeampte in dat u vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder aansoek wil doen.
- Vul 'n aansoekvorm in wat by die ondersoekbeampte verkry kan word vir 'n bevel vir MIV-toetsing met die hulp van die ondersoekbeampte.
- Oorhandig die voltooide en getekende aansoek aan die ondersoekbeampte.

Wie oorweeg my aansoek?

Die ondersoekbeampte sal u voltooide aansoekvorm by 'n landdros indien wat die aansoek gedurende hofure in sy of haar kantoor sal oorweeg. Die landdros kan egter verdere getuienis versoek, hetsy mondelings of deur beëdigde verklarings en kan ook die beweerde oortreder ondervra. Die Wet vereis dat die ondersoekbeampte u van die besluit van die landdros wat u aansoek oorweeg het, in kennis stel.

Wat gebeur sodra die landdros beveel het dat die beweerde seksuele oortreder vir MIV getoets moet word?

Die ondersoekbeampte sal verseker dat twee bloedmonsters op dieselfde geleentheid van die beweerde oortreder geneem en vir MIV getoets word.

Wie betaal vir die MIV-toetsing?

Die Staat.

Hoe word ek van die MIV-toetsuitslag in kennis gestel ?

Die ondersoekbeampte sal so gou moontlik seker maak dat u 'n verseëlde koevert ontvang wat die MIV-toetsuitslag bevat, asook inligting oor waar u hulp kan ontvang om die toetsuitslae en die implikasies daarvan te kan hanteer.

Kan ek die beweerde oortreder se MIV-toetsuitslae aan ander persone bekend maak?

Ingevolge die Wet kan die MIV-toetsuitslae slegs bekend gemaak word aan die slagoffer of die belanghebbende persoon wat die aansoek vir die verpligte MIV-toetsing gebring het, die beweerde oortreder, die ondersoekbeampte, en, waar van toepassing, 'n staatsaanklaer of enige ander persoon wat van die toetsuitslae kennis moet neem vir doeleindes van siviele verrigtinge of 'n hofbevel.

Afsny-tydperk vir bring van 'n aansoek

'n Beperkte tydperk word toegelaat vir MIV-toetsing van 'n beweerde seksuele oortreder. U moet vir sodanige toets aansoek doen binne 90 dae nadat die beweerde seksuele misdryf plaasgevind het. (Die 90 dae word 'n venstertydperk genoem, naamlik die tydperk waarin die toetsuitslag van 'n verpligte MIV-toetsing nie betroubaar mag wees nie omdat die beweerde seksuele oortreder in die venstertydperk is terwyl hy of sy vir MIV getoets word. Dit beteken dat die toetsuitslag mag wys dat die beweerde seksuele oortreder negatief is, terwyl hy of sy inderdaad MIV-positief is.) Dit word derhalwe aanbeveel dat indien u besluit om vir die MIV-toetsing van die beweerde seksuele oortreder aansoek te doen, u dit so gou as moontlik na pleging van die beweerde misdryf doen. Dit is egter in u eie belang om uself so gou moontlik vir MIV te laat toets.

Diensorganisasies wat berading en ondersteuning kan bied

Hulpverlening deur kenners in die hantering van die implikasies van MIV-toetsuitslae is by 'n aantal verskillende diensverskaffers beskikbaar. Dit sluit in –

- Privaat mediese en maatskaplike fasiliteite (bv. 'n algemene mediese praktisyn of sielkundige).
- Openbare mediese en maatskaplike fasiliteite, met inbegrip van-
  - ●Life Line
  - ●Child Line
  - ●Kinderbeskermingsorganisasies
  - ●Plaaslike Staatshospitale en Klinieke
  - ●Rape Crisis
  - ●FAMSA
  - ●Streeksdepartemente van Maatskaplike Ontwikkeling
  - ●Plaaslike VIGS Diensorganisasies

  Kontakbesonderhede van bogenoemde diensverskaffers is in die telefoongids en by die ondersoekbeampte beskikbaar.

VORM 2

[Regulasie 3(1)]

AANSOEK VIR MIV-TOETSING VAN BEWEERDE OORTREDER

DEUR SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON

Artikel 30 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)(die Wet)

LEES ASSEBLIEF DIE AANTEKENINGE VOORDAT DIE AANSOEKVORM INGEVUL WORD

Aantekening 1: *Die ondersoekbeampte moet die slagoffer of belanghebbende persoon bystaan met die voltooiing van die Vorm.*

Aantekening 2: Indien die aansoek deur 'n belanghebbende persoon gebring word, *moet hierdie aansoek met die skriftelike toestemming van die slagoffer gebring word, tensy die slagoffer—*

- *onder die ouderdom van 14 jaar is;*
- *'n persoon is wat verstandelik gestremd is;*
- *bewusteloos is;*
- *'n persoon is ten opsigte van wie 'n kurator deur 'n hof aangestel is;*
- *'n persoon is ten opsigte van wie die landdros oortuig is dat hy of sy nie in staat is om die nodige toestemming te kan gee nie.*

Die skriftelike toestemming moet by hierdie aansoekvorm aangeheg word.

Aantekening 3: Wie is 'n belanghebbende persoon?
Ingevolge artikel 27 van die Wet, is 'n belanghebbende persoon 'n persoon wat 'n wesenlike belang het in die welstand van 'n slagoffer, met inbegrip van-

- *'n gade;*
- *'n ouer;*
- *'n familielid;*
- *'n kurator;*
- *'n geneesheer;*
- *'n sosiale werker;*
- *'n permanente lewensmaat van dieselfde of teenoorgestelde geslag;*
- *'n voog;*
- *'n sorggewer;*
- *'n berader;*
- *'n gesondheidsorgvoorsiener;*
- *'n onderwyser of onderwyseres,*

van sodanige slagoffer.

Aantekening 4: Wangebruik en misbruik van prosedure
Die prosedure om 'n beweerde oortreder se MIV-status sonder sy of haar toestemming vas te stel is alleenlik ingestel om slagoffers van seksuele misdrywe by te staan. Indien u nie die slagoffer van 'n seksuele misdryf is nie, of namens iemand optree wat nie die slagoffer van 'n seksuele misdryf is nie, en die prosedure misbruik om 'n ander persoon se MIV-status op kwaadwillige wyse vas te stel(byvoorbeeld om so 'n persoon se MIV-status aan 'n ander persoon bekend te maak), kan u aangekla en skuldig bevind word aan 'n misdryf en tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar gevonnis word.

Aantekening 5: *Indien u kwaadwillig of op growwe nalatige wyse die beweerde oortreder se MIV-status bekend maak, kan u skuldig bevind word aan 'n misdryf en tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar gevonnis word.*

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN .....**GEHOU TE** .....

SAAKNO:.....

1. AANSOEK

Aan die klerk van die hof, ...

Neem kennis dat .....(die *slagoffer/*belanghebbende persoon) aansoek ingevolge artikel 30 van die Wet by hierdie hof doen om 'n bevel –

(a) *dat die beweerde seksuele oortreder, hieronder beskryf, vir MIV getoets word; en

(b) dat die MIV-toetsuitslag bekend gemaak word aan..... (die *slagoffer/ *belanghebbende persoon) en aan die beweerde oortreder; of

(c) *dat die toetsuitslag van die beweerde oortreder, wat reeds by wyse van aansoek deur die ondersoekbeampte verkry is soos beoog in artikel 32 van die Wet, bekend gemaak word aan.... ..... (die *slagoffer/ * belanghebbende persoon).

* *Skrap wat nie van toepassing is nie.*

DEEL A: VERKLARING DEUR SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON WAT NAMENS SLAGOFFER OPTREE

2. BESONDERHEDE VAN SLAGOFFER:

Volle name en van: .....

Enige ander vanne: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer/ paspoortnommer: .....

3. BESONDERHEDE VAN BELANGHEBBENDE PERSOON, INDIEN VAN TOEPASSING

Naam: .....

Geboortedatum: .....

Identiteitsnommer/ paspoortnommer: .....

Verhouding met slagoffer (bv. ouer): .....

Indien belanghebbende persoon nie die eggenoot, permanente lewensmaat van dieselfde of teenoorgestelde geslag of ouer van die slagoffer is nie, vermeld rede waarom aansoek namens slagoffer gedoen word: .....

.....

4. SKRIFTELIKE TOESTEMMING VAN SLAGOFFER INDIEN AANSOEK DEUR BELANGHEBBENDE PERSOON GEBRING WORD

*(a) Skriftelike toestemming is verkry en is aangeheg: Ja/Nee.....

*(b) Skriftelike toestemming word nie vereis nie aangesien die slagoffer—

- onder die ouderdom van 14 jaar is;
- 'n persoon is wat verstandelik gestremd is;
- bewusteloos is;
- 'n persoon is ten opsigte van wie 'n kurator deur 'n hof aangestel is;
- nie daartoe in staat is om toestemming te verleen nie omdat: .....

.....

.....

* *Skrap wat nie van toepassing is nie.*

5. BESONDERHEDE VAN BEWEERDE SEKSUELE MISDRYF EN MOONTLIKE BLOOTSTELLING AAN OORTREDER SE LIGGAAMSVOG

(Ingevul te word deur slagoffer of die belanghebbende persoon wat namens hom of haar optree of deur die ondersoekbeampte)

(a) 'n Seksuele misdryf is deur die beweerde oortreder teenoor die slagoffer gepleeg, waarvan die besonderhede as volg is:

(i) Datum, plek en tyd van beweerde misdryf: .....

.....

(ii) Beskrywing van beweerde misdryf: .....

.....

.....

(b) Die slagoffer kon blootgestel gewees het aan die risiko om met MIV besmet te word as gevolg van die beweerde seksuele misdryf, omdat die slagoffer blootgestel was aan liggaamsvog (semen, bloed, vaginale vloeistowwe) van die beweerde seksuele oortreder.

(Heg afskrif van J88 of mediese verslag, indien beskikbaar, aan):.....

.....

.....

(c) Die beweerde seksuele misdryf is by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangemeld.

(d) Minder as 90 dae het verloop vanaf die datum waarop die beweerde misdryf plaasgevind het.

***6. BESONDERHEDE VAN AANSOEK REEDS DEUR ONDERSOEKBEAMPTE INGEVOLGE ARTIKEL 32 VAN DIE WET GEBRING**

Verwysingsnommer: .....

Datum van aansoek: .....

Naam van landdroskantoor waar aansoek toegestaan is: .....

Waar word addisionele toetsuitslag gehou? .....

* *Skrap indien nie van toepassing*

.....

HANDTEKENING /DUIMAFDRUK /MERK VAN SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON

.....

DATUM

.....

PLEK

7. BEëDIGDE VERKLARING/ PLEGTIGE BEVESTIGING DEUR SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON WAT NAMENS HOM OF HAAR OPTREE

(Ingevul te word deur Vrederegter of Kommissaris van Ede)

Ek, ...

(die* slagoffer/*belanghebbende persoon), verklaar onder eed of plegtige bevestiging dat die besonderhede en inligting wat in hierdie aansoek vermeld is na die beste van my wete waar en korrek is.

.....

HANDTEKENING /DUIMAFDRUK /MERK VAN SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON

.....

DATUM

.....

PLEK

Ek sertifiseer dat voordat ek die *eed/bevestiging afgeneem het, ek die volgende vrae aan die verklaarder gestel en *sy/haar antwoorde in *sy/haar teenwoordigheid soos hieronder neergeskryf het:—

(a) Is u vertroud met die inhoud van die bostaande verklaring en begryp u dit?

Antwoord— .....

(b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord— .....

(c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord— .....

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken het dat *hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp, wat voor my gesweer/bevestig is, en die verklaarder se *handtekening /duimafdruk /merk daarna in my teenwoordigheid aangebring is.

Gedateer te..... op hierdie ..... dag van..... 20.....

.....

GETEKEN: Vrederegter/Kommissaris van Ede

Volle name: .....

Amp: .....

Gebied waarvoor aangestel: .....

Besigheidsadres: .....

.....

**Skrap wat nie van toepassing is nie*

DEEL B: BEWEERDE OORTREDER

1. **BESONDERHEDE VAN BEWEERDE OORTREDER BESKULDIG VAN BEWEERDE SEKSUELE MISDRYF**

(Ingevul te word deur die ondersoekbeampte)

'n Klag is deur die slagoffer wie se besonderhede in DEEL A verskyn, ten opsigte van 'n beweerde seksuele misdryf teen die beweerde seksuele oortreder, wie se besonderhede hieronder verskyn, gelê.

Naam: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer/ paspoortnommer.....

Huisadres/tydelike adres: .....

.....

Telefoonnommer: .....

Selfoonnommer: .....

Saaknommer (of SAPD verwysingsno): .....

Misdryf waarvan aangekla: .....

.....

In aanhouding/Op borgtog :*(Skrap indien nie van toepassing)*

- **Indien in aanhouding: Plek:** .....
- **Op borgtog: Borgtogvoorwaardes:** .....

.....

.....

.....

.....

.....

HANDTEKENING VAN ONDERSOEKBEAMPTE

.....

DATUM

.....

PLEK

2. BEëDIGDE VERKLARING /PLEGTIGE VERKLARING DEUR ONDERSOEKBEAMPTE

Ek, ... (ondersoekbeampte) met magsnommer ....., verklaar onder eed of plegtige bevestiging dat bovermelde inligting na die beste van my wete waar en korrek is.

.....

HANDTEKENING VAN ONDERSOEKBEAMPTE

.....

DATUM

.....

PLEK

(Ingevul te word deur Vrederegter of Kommissaris van Ede)

Ek sertifiseer dat voordat ek die *eed/bevestiging afgeneem het, ek die volgende vrae aan die verklaarder gestel en *sy/haar antwoorde in *sy/haar teenwoordigheid soos hieronder neergeskryf het:—

(a) Is u vertroud met die inhoud van die bostaande verklaring en begryp u dit?

Antwoord— .....

(b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord— .....

(c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord— .....

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken het dat *hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp, wat voor my gesweer/bevestig is, en die verklaarder se handtekening daarna in my teenwoordigheid aangebring is.

Gedateer te..... op hierdie ..... dag van..... 20.....

.....

GETEKEN: Vrederegter/Kommissaris van Ede

Volle name: .....

Amp: .....

Gebied waarvoor aangestel: .....

Besigheidsadres: .....

.....

**Skrap wat nie van toepassing is nie*

VORM 3

[Regulasie 5(1)]

BEVEL DEUR LANDDROS VIR MIV-TOETSING VAN BEWEERDE OORTREDER OP AANSOEK VAN SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON

Artikel 31 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007) (Die Wet)

(Ingevul te word deur die landdros wat die aansoek oorweeg)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN..... GEHOU TE.....

SAAKNO: .....

DATUM WAAROP AANSOEK OORWEEG IS: .....

DEEL A: SLAGOFFER

1. BESONDERHEDE VAN SLAGOFFER

Voorletters en van: .....

Enige ander vanne: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

2. BESONDERHEDE VAN BELANGHEBBENDE PERSOON WAT NAMENS SLAGOFFER OPTREE (INDIEN VAN TOEPASSING)

Voorletters en van: .....

Enige ander vanne: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

DEEL B: BEWEERDE OORTREDER

1. BESONDERHEDE VAN BEWEERDE OORTREDER WAT AANGEKLA WORD VAN DIE PLEEG VAN 'N SEKSUELE MISDRYF

Volle name en van: .....

Enige ander vanne: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer/ paspoortnommer: .....

Huisadres/ tydelike adres: .....

.....

DEEL C: BEVEL DEUR DIE HOF

Na oorweging van die aansoek ingevolge artikel 30 van die Wet deur die slagoffer of belanghebbende persoon wat namens die slagoffer optree, is ek *oortuig/*nie oortuig nie dat daar *prima facie*-getuienis is dat—

(a) 'n seksuele misdryf deur die beweerde oortreder teen die slagoffer gepleeg is;

(b) die slagoffer moontlik aan die liggaamsvog van die beweerde oortreder blootgestel kon gewees het; en

(c) nie meer as 90 kalenderdae sedert die datum waarop dit beweer word dat die misdryf plaasgevind het, verloop het nie,

vir doeleindes van MIV-toetsing wat ten opsigte van die beweerde oortreder uitgevoer moet word.

**Skrap wat nie van toepassing is nie*

DERHALWE WORD DIE VOLGENDE BEVEL VERLEEN:

*(a) Die aansoek word afgewys.

*(b) Die aansoek word toegestaan vir—

(i) verkryging op dieselfde geleentheid van twee bloedmonsters van die beweerde oortreder;

(ii) die uitvoering van een of meer MIV-toetse op die bloedmonsters soos wat nodig mag wees om die aan- of afwesigheid van MIV-infeksie te bepaal; en

(iii) die bekendmaking van die MIV-toetsuitslae op die wyse in regulasie 5(4)*(a)* van die Regulasies voorgeskryf, aan—

(aa) die slagoffer of die belanghebbende persoon wat namens hom of haar optree; en

(bb) die beweerde oortreder.

(c) Die ondersoekbeampte moet *so spoedig as wat redelikerwys doenlik is/* binne..... dag/dae nadat hierdie bevel verleen is, die oortreder op die voorgeskrewe vorm van die bevel in kennis stel.

*(d) Die MIV-toetsuitslae verkry van die oortreder as gevolg van 'n aansoek gebring deur 'n ondersoekbeampte ingevolge artikel 32 van die Wet moet –

(i) aan die slagoffer of belanghebbende persoon op die wyse in regulasie 5(4)(b) van die Regulasies bekend gemaak word; en

(ii) aan die slagoffer of belanghebbende persoon *so spoedig as wat redelikerwys doenlik is/* binne ..... dae nadat hierdie bevel verleen is, oorhandig word.

**Skrap wat nie van toepassing is nie*

.

.....	.....
HANDTEKENING VAN LANDDROS	**DATUM**

AMPTELIKE STEMPEL

VORM 4

[Regulasies 5(4)(a)(i) en 6(8)(a)(i)]

KENNISGEWING AAN OORTREDER AANGAANDE BEVEL VIR MIV-TOETSING

Artikel 31(5)(b) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)(die Wet)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN .....**GEHOU TE** .....

SAAKNO:.....

(Oorhandig te word aan beweerde oortreder deur ondersoekbeampte)

Aan: .....

(beweerde oortreder) wat aangekla word van die misdryf van .....

.....

teen .....(die slagoffer).

Die doel van hierdie kennisgewing is om u van inligting te voorsien aangaande 'n hofbevel wat verkry is om u, sonder u toestemming, vir MIV te toets en om u MIV-status bekend te maak aan u beweerde slagoffer of belanghebbende persoon wat namens die beweerde slagoffer optree, of 'n ondersoekbeampte en, waar van toepassing, aan die staatsaanklaer wat moet weet wat die uitslag is vir doeleindes van die vervolging van die betrokke aangeleentheid of enige ander hofverrigtinge.

Wat is MIV?

MIV verwys na 'n infeksie met die menslike immuno-gebreksvirus. MIV vernietig belangrike selle wat die immuniteitsstelsel beheer en ondersteun. As gevolg daarvan kan die liggaam se natuurlike beskermingsmeganismes nie weerstand teen siektes bied nie. Die meeste mense wat met MIV besmet is ontwikkel uiteindelik VIGS en sterf aangesien hulle liggame nie meer enige weerstand teen siektes soos TB, longonsteking en breinvliesontsteking kan bied nie. Besmetting met MIV het derhalwe ernstige gevolge vir u as individu. Daar is tans geen geneesmiddel vir MIV/VIGS nie.

Hoe word MIV oorgedra?

MIV word op drie maniere oorgedra: via seksuele omgang; wanneer MIV-besmette bloed direk in die liggaam oorgetap word; en vanaf moeder na kind gedurende swangerskap, geboorte of tydens borsvoeding.

Kan MIV oorgedra word tydens 'n seksuele misdryf?

Ja. Indien daar enige blootstelling aan HIV-besmette bloed, semen of vaginale vloeistowwe tydens die beweerde misdryf was, kon MIV oorgedra word.

Hoekom moet ek vir MIV getoets word?

U kon die slagoffer aan MIV blootgestel het tydens die beweerde seksuele misdryf of misdryf, soos in artikel 27 van die Wet omskryf, waarvan u aangekla word. (Artikel 27 van die Wet omskryf 'n "seksuele misdryf" as 'n seksuele misdryf waarin die slagoffer aan die liggaamsvog van die beweerde oortreder blootgestel kon word en 'n "misdryf" word omskryf as 'n misdryf, behalwe 'n seksuele misdryf, ten opsigte waarvan die MIV-status van die beweerde oortreder relevant kan wees vir doeleindes van ondersoek en vervolging.) In die lig van die ernstige gevolge van MIV-besmetting en die slagoffers se vrees om met MIV besmet te word, is die reg aan hulle verleen om aansoek te doen vir die MIV-toetsing van hul beweerde oortreders en vir die bekendmaking van die toetsuitslae. Bowendien kan ondersoekbeamptes ook aansoek doen om beweerde oortreders vir MIV te laat toets.

Hoe sal kennis aangaande my MIV-status die beweerde slagoffer help?

Die inligting kan hom of haar help—

- om te besluit om mediese behandeling te ontvang wat duur is en ernstige newe-effekte het, maar wat kan verhoed dat hy of sy die virus opdoen;
- om stappe te neem om te verhoed dat die virus verder deur hom of haar aan ander mense (byvoorbeeld die slagoffer se seksmaat, of aan haar baba as sy verwagtend is of borsvoed) oorgedra word;
- om die slagoffer gemoedsrus te gee aangaande sy of haar moontlike blootstelling aan MIV gedurende die seksuele misdryf.

Wie het die bevel dat ek vir MIV getoets word, verleen?

'n Landdros van die landdroskantoor in die distrik waar u na bewering die seksuele misdryf of misdryf gepleeg het, het die bevel verleen.

Op watter grondslag is die hofbevel verleen?

Die landdros het, na oorweging van getuienis onder eed deur die persoon wat aansoek gedoen het dat u vir MIV getoets word en deur die ondersoekbeampte, die bevel verleen. Die landdros is op 'n *prima facie*-grondslag oortuig dat—

- u 'n seksuele misdryf of misdryf teen die slagoffer wat aansoek gedoen het, of namens wie aansoek gedoen is, dat u vir MIV getoets word, gepleeg het ;
- in die loop van sodanige misdryf die slagoffer aan u liggaamsvog (semen, bloed of vaginale vloeistowwe) blootgestel kon gewees het; en
- nie meer as 90 kalenderdae sedert die datum waarop dit beweer word dat die betrokke misdryf plaasgevind het, verloop het nie.

U moet kennis neem dat die bestaan van *prima facie*-getuienis teen u nie beteken dat indien die strafsaak teen u op verhoor gaan dat u skuldig bevind gaan word aan die misdryf nie. Die Staat sal steeds bo alle redelike twyfel moet bewys dat u die misdryf waarvan u aangekla word, gepleeg het. *Prima facie*-getuienis word slegs gebruik vir die aansoek om u vir MIV, sonder u toestemming te toets.

Kan ek weier dat my liggaamsmonsters vir MIV getoets word?

Nee. Dit is 'n hofbevel. Die landdros kan ook 'n lasbrief vir inhegtenisneming uitreik indien daar rede is om te glo dat u nakoming van sodanige bevel sal vermy of indien u nakoming van die bevel vermy het. Indien u versuim of weier om die bevel dat u vir MIV getoets word, na te kom of indien u nakoming vermy, is u skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar.

Hoe word ek vir MIV getoets?

Die ondersoekbeampte sal u na 'n geregistreerde mediese geneesheer of verpleër of verpleegster neem wat op dieselfde geleentheid twee bloedmonsters van u sal neem. Die ondersoekbeampte sal die behoorlik geïdentifiseerde monsters na 'n aangewese openbare gesondheidsinstelling neem waar dit vir MIV getoets sal word.

Wie betaal vir die MIV toets?

Die Staat.

Sal ek in kennis gestel word van die uitslag van die toets?

Ja. Die ondersoekbeampte sal verseker dat u die MIV-toetsuitslag kry asook inligting met betrekking tot waar u hulp kan kry om die implikasies van die uitslag te verstaan.

Wat indien die klag teen my 'n vals klag is?

Enigiemand wat kwaadwillig 'n klag by die Suid-Afrikaanse Polisiediens ten opsigte van 'n beweerde seksuele misdryf lê en wat 'n aansoek ingevolge artikel 30(1) bring met die doel om die MIV-status van enigiemand vas te stel, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar.

Sal die toetsuitslag aan ander persone bekend gemaak word?

Ingevolge die Wet mag die MIV-toetsuitslae slegs bekend gemaak word aan die slagoffer of belanghebbende persoon wat die aansoek vir die verpligte HIV-toetsing van die beweerde oortreder gebring het, uself (die beweerde oortreder), die ondersoekbeampte, en waar van toepassing, aan 'n staatsaanklaer of enige ander persoon wat van die toetsuitslae kennis moet neem vir doeleindes van siviele verrigtinge of 'n hofbevel.

Sal die toetsuitslag in die verhoor teen my gebruik word?

Ja. Artikel 34 van die Wet bepaal dat die uitslag van 'n MIV-toets as getuienis in enige siviele verrigtinge wat uit die betrokke seksuele misdryf voortvloei, gebruik kan word of om die ondersoekbeampte in staat te stel om inligting in te samel ten einde dit as getuienis in strafverrigtinge te gebruik.

Hoe beïnvloed my MIV-status andere?

U MIV-status het nie slegs ernstige gevolge vir u beweerde slagoffer nie, maar ook vir u eie gesondheid en die gesondheid van andere (byvoorbeeld u seksmaat of baba). Elke persoon het 'n verantwoordelikheid om te verseker dat hulle nie ander mense aan die risiko om met MIV besmet te word, blootstel nie. Dit is belangrik dat u deskundige advies, hulp en inligting oor behandeling verkry indien u MIV-positief is en hoe om uself en ander mense teen MIV-infeksie te beskerm.

Diensorganisasies wat berading en ondersteuning kan voorsien

Hulpverlening deur kenners in die hantering van die implikasies van MIV-toetsuitslae is by 'n aantal verskillende diensverskaffers beskikbaar. Dit sluit in:

- Privaat mediese en maatskaplike fasiliteite (bv. 'n algemene mediese praktisyn of sielkundige).
- Openbare mediese en maatskaplike fasiliteite, met inbegrip van-
  - Life Line
  - Child Line
  - Kinderbeskermingsorganisasies
  - Plaaslike Staatshospitale en Klinieke
  - Rape Crisis
  - FAMSA
  - Streeksdepartemente van Maatskaplike Ontwikkeling
  - Plaaslike VIGS Diensorganisasies

  Kontakbesonderhede van bovermelde diensverskaffers is in die telefoongids en by die ondersoekbeampte beskikbaar.

VORM 5

[Regulasie 6(1)]

AANSOEK VIR MIV-TOETSING VAN BEWEERDE OORTREDER DEUR ONDERSOEKBEAMPTE

Artikel 32 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)(die Wet)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN .....GEHOU TE .....

SAAKNO.:.....

1. AANSOEK

Aan die klerk van die hof, ...

Neem kennis dat .....(die ondersoekbeampte) aansoek doen ingevolge artikel 32 van die Wet by hierdie Hof vir 'n bevel—

(a) dat die beweerde seksuele oortreder, hieronder beskryf, vir MIV getoets word; of

(b) dat die MIV toetsuitslae ten opsigte van die beweerde oortreder, wat reeds op aansoek deur die slagoffer of belanghebbende persoon soos beoog in artikel 30 van die Wet verkry is, beskikbaar gestel word—

(i) aan .....(die ondersoekbeampte); en/of

(ii) aan .....

(die staatsaanklaer wat moet kennis neem van die toetsuitslae vir doeleindes van die vervolging van die aangeleentheid of vir enige ander hofverrigtinge, beoog in artikel 32(1)(b) van die Wet.)

2. BESONDERHEDE VAN SLAGOFFER:

Volle name en van: .....

Enige ander vanne: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer/ paspoortnommer: .....

3. BESONDERHEDE VAN BEWEERDE OORTREDER WAT AANGEKLA WORD VAN DIE PLEEG VAN 'N SEKSUELE MISDRYF OF MISDRYF SOOS OMSKRYF IN ARTIKEL 27 VAN DIE WET

Volle name en van: .....

Enige ander vanne: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer/paspoortnommer: .....

4. GRONDE VIR AANSOEK

Op grond van inligting wat by wyse van beëdigde verklaring of plegtige verklaring geneem is, waarin dit beweer word dat 'n seksuele misdryf of misdryf soos in artikel 27 van die Wet omskryf, deur die beweerde oortreder gepleeg is, word die aansoek op die volgende gronde gebaseer:.....

.....

.....

.....

.....

***5. BESONDERHEDE VAN AANSOEK REEDS DEUR SLAGOFFER OF BELANGHEBBENDE PERSOON INGEVOLGE ARTIKEL 30 VAN DIE WET GEBRING**

Datum van aansoek: .....

Landdroskantoor waar aansoek toegestaan is: .....

Waar word toetsuitslag gehou? .....

* *Skrap indien nie van toepassing nie*

6. BEëDIGDE VERKLARING /PLEGTIGE VERKLARING DEUR ONDERSOEKBEAMPTE

Ek,..... (die ondersoekbeampte) met magsnommer.....verklaar hiermee dat bovermelde inligting na die beste van my wete waar en korrek is.

.....

HANDTEKENING VAN ONDERSOEKBEAMPTE

.....

PLEK

.....

DATUM

(Ingevul te word deur Vrederegter/ Kommissaris van Ede)

Ek sertifiseer dat voordat ek die *eed/bevestiging afgeneem het, ek die volgende vrae aan die verklaarder gestel en *sy/haar antwoorde in *sy/haar teenwoordigheid soos hieronder neergeskryf het:—

(a) Is u vertroud met die inhoud van die bostaande verklaring en begryp u dit?

Antwoord— .....

(b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord— .....

(c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord— .....

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken het dat *hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp, wat voor my gesweer/bevestig is, en die verklaarder se handtekening daarna in my teenwoordigheid aangebring is.

Gedateer te..... op hierdie ..... dag van..... 20.....

.....

GETEKEN: Vrederegter/ Kommissaris van Ede

Volle name: .....

Amp: .....

Gebied waarvoor aangestel: .....

Besigheidsadres: .....

.....

**Skrap wat nie van toepassing is nie*

VORM 6

[Regulasie 6(5)]

BEVEL DEUR LANDDROS VIR MIV-TOETSING VAN BEWEERDE OORTREDER OP AANSOEK VAN ONDERSOEKBEAMPTE

Artikel 32 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007) (die Wet)
(Ingevul te word deur die landdros wat die aansoek oorweeg)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN ..... **GEHOU TE** .....

SAAKNO: .....

DATUM WAAROP AANSOEK OORWEEG IS: .....

1. BESONDERHEDE VAN SLAGOFFER

Voorletters en van: .....

Enige ander vanne:.....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

2. BESONDERHEDE VAN BEWEERDE OORTREDER WAT AANGEKLA WORD VAN DIE PLEEG VAN SEKSUELE MISDRYF OF MISDRYF SOOS OMSKRYF IN ARTIKEL 27 VAN DIE WET

Volle name en van: .....

Enige ander vanne: .....

Geboortedatum:.....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer/paspoortnommer: .....

3. BEVEL DEUR HOF

Na oorweging van die aansoek ingevolge artikel 32 van die Wet deur die ondersoekbeampte, is ek *oortuig/*nie oortuig nie dat daar *prima facie*-getuienis is dat—

(a) 'n seksuele misdryf of misdryf soos in artikel 27 van die Wet omskryf deur die beweerde oortreder gepleeg is; en

(b) MIV-toetsing nodig blyk te wees vir doeleindes van ondersoek of vervolging van die misdryf.

**Skrap wat nie van toepassing is nie*

DERHALWE WORD DIE VOLGENDE BEVEL GEMAAK:

*(a) Die aansoek word van die hand gewys.

*(b) Die aansoek word toegestaan vir—

(i) die verkryging op dieselfde geleentheid van twee bloedmonsters van die beweerde oortreder;

(ii) die uitvoering op die bloedmonsters van een of meer MIV-toetse as wat redelikerwys nodig is om die aan- of afwesigheid van MIV-infeksie in die beweerde oortreder te bepaal; en

(iii) die bekendmaking van die MIV-toetsuitslae—

(aa) deur die gesondheidsinstelling aan die ondersoekbeampte op die wyse in regulasie 8 van die Regulasies voorgeskryf; of

(bb) deur die ondersoekbeampte aan die staatsaanklaer wat van die toetsuitslae moet kennis neem vir doeleindes van die vervolging van die betrokke aangeleentheid of enige ander hofverrigtinge, soos in artikel 32, gelees met artikel 66 van die Wet beoog word; en

(cc) deur die ondersoekbeampte aan die beweerde oortreder, indien die uitslae nie reeds aan hom of haar soos beoog in artikel 30(1)(a)(i) van die Wet, bekend gemaak is nie, op die wyse in regulasie 6(8)(a)(iii) van die Regulasies voorgeskryf.

*(c) Die MIV-toetsuitslae van die beweerde oortreder wat as gevolg van 'n aansoek deur die slagoffer of belanghebbende persoon ingevolge artikel 30 van die Wet verkry is, moet aan die ondersoekbeampte bekend gemaak word.

**Skrap wat nie van toepassing is nie*

AMPTELIKE STEMPEL

....

HANDTEKENING VAN LANDDROS **DATUM**

VORM 7

[Regulasie 8(1)]

AANTEKENING VAN MIV-TOETSUITSLAE VERKRY INGEVOLGE BEVEL DEUR LANDDROS

Artikel 33(1)(d)(ii) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)(die Wet)

(Ingevul te word deur die hoof van die openbare gesondheidsinstelling ingevolge artikel 29 van die Wet aangewys of deur 'n persoon skriftelik deur die hoof van sodanige instelling aangewys)

Naam van Gesondheidsinstelling:.....

.....

Saaknommer: .....

Datum waarop toets uitgevoer is: .....20.....

AMPTELIKE STEMPEL VAN GESONDHEIDINSTELLING

DEEL A: BESONDERHEDE VAN BEWEERDE OORTREDER

Volle name: .....

Geboortedatum:.....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer/paspoortnommer: .....

Huisadres/tydelike adres: .....

.....

DEEL B: BESONDERHEDE VAN MIV-TOETSE UITGEVOER

Tipe MIV-toetse uitgevoer: .....

.....

.....

DEEL C: UITSLAE VAN MIV-TOETSE

(Merk betrokke blok met 'n kruis)

Positief ☐

Negatief ☐

Opmerkings:.....

DEEL D: BESONDERHEDE VAN AANGEWESE GESONDHEIDSINSTELLING WAT MIV-TOETSING UITVOER EN WAAR EKSTRA TOETSUITSLAG GEHOU SAL WORD:

Adres: .....

.....

Telefoonnommer: .....

Naam van persoon wat toets uitgevoer het:.....

Handtekening van persoon wat toets uitgevoer het:.....

VORM 8

[Regulasies 5(4) en 6(8)]

KENNISGEWING WAT INLIGTING AANGAANDE VERTROULIKHEID VAN EN HOE OM MIV-TOETSUITSLAE TE HANTEER, BEVAT

Artikel 33(1)(e) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)(die Wet)

(Oorhandig te word aan: (a) Die slagoffer of belanghebbende persoon, wat namens hom of haar optree, wat aansoek gedoen het om die beweerde oortreder vir MIV te toets; en (b)die beweerde oortreder wat vir MIV getoets is)

Die doel van hierdie inligtingstuk is om aan die slagoffer of belanghebbende persoon, wat namens hom of haar optree, en die beweerde oortreder inligting te verskaf met betrekking tot die vertroulikheid van en hoe om inligting aangaande die uitslag van die verpligte MIV-toets te hanteer.

Hoe word ek ingelig van die MIV-toetsuitslae?

Die toetsuitslae word aan u in 'n verseëlde koevert, gemerk "Confidential/Vertroulik", oorhandig.

Wat is die inhoud van die koevert?

Die verseëlde koevert bevat 'n dokument wat deur die persoon by die gesondheidsinstelling wat die MIV-toets op die bloedmonsters van die beweerde oortreder uitgevoer het, ingevul is. Die vorm sal meld of die MIV-toetsuitslag positief of negatief was.

Indien ek die slagoffer is, mag ek die beweerde oortreder se MIV-status aan ander mense bekendmaak?

Ingevolge die Wet mag die MIV-toetsuitslae slegs bekend gemaak word aan die slagoffer of die belanghebbende persoon wat die aansoek vir die verpligte MIV-toetsing van die beweerde oortreder aangevra het, die beweerde oortreder, die ondersoekbeampte, en waar van toepassing, 'n staatsaanklaer of enige ander persoon wat kennis moet neem van die toetsuitslae vir doeleindes van siviele verrigtinge of 'n hofbevel.

Wat moet ek met die MIV-toetsuitslag doen?

Elke persoon wat 'n MIV-toetsuitslag ontvang, behoort deskundige hulp in te win oor hoe om die toetsuitslag te verstaan en te hanteer, ongeag of die toetsuitslag positief of negatief was. Deskundige hulp sal u help om—

- die toetsuitslag te verstaan;
- onmiddellike emosionele reaksies en bekommernisse te hanteer;
- te verstaan hoe die toetsuitslag u toekomstige gesondheid en die gesondheid van andere (bv. u seksmaat), sal beïnvloed;
- die behoefte aan maatskaplike en mediese sorg te identifiseer; en
- die regsgevolge betreffende die bekendmaking van die toetsuitslag aan andere te verstaan.

Diensorganisasies wat berading en ondersteuning kan bied

Deskundige hulp om die implikasies van MIV-toetsuitslae te hanteer is by 'n aantal verskillende diensverskaffers beskikbaar. Dit sluit in:

- Privaat mediese en maatskaplike fasiliteite (byvoorbeeld 'n algemene mediese praktisyn of sielkundige).
- Openbare mediese of maatskaplike fasilitiete, met inbegrip van—
  - Life Line
  - Child Line
  - Kinderbeskermingsorganisasie
  - Plaaslike Staatshospitale en klinieke
  - Rape Crisis
  - FAMSA
  - Streeksdepartemente van Maatskaplike Ontwikkeling
  - Plaaslike VIGS Diensorganisasies

  Kontakbesonderhede van bovermelde diensverskaffers is in die telefoongids of by die ondersoekbeampte beskikbaar.

Indien, nadat u hierdie kennisgewing gelees het, daar enigiets is wat u nie verstaan nie, kan u die ondersoekbeampte, een van die diensverskaffers hierbo vermeld of 'n maatskaplike werker van die Departement van Korrektiewe Dienste om hulp versoek.

VORM 9

[Regulasie 10(3)]

AANSOEK OM LASBRIEF VIR INHEGTENISNEMING

Artikel 33(3) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)(die Wet)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN .....**GEHOU TE** .....

SAAKNO. .....

1. AANSOEK

Ek, ..., (die ondersoekbeampte), doen hiermee aansoek by die Landdros, ..., ingevolge artikel 33(3) van die Wet, om 'n lasbrief vir inhegtenisneming uit te reik ten opsigte van die beweerde oortreder hieronder beskryf aangesien —

*(a) daar rede is om te vermoed dat hy of sy nakoming van 'n bevel beoog in artikel 31(3) of artikel 32(3) van die Wet gaan vermy; of

*(b) hy of sy nakoming van 'n bevel beoog in artikel 31(3) of artikel 32(3) van die Wet vermy het.

2. BESONDERHEDE VAN BEWEERDE OORTREDER WAT VAN PLEEG VAN 'N SEKSUELE MISDRYF OF MISDRYF BESKULDIG WORD

Volle name en van: .....

Enige ander vanne: .....

Geboortedatum: .....

Ouderdom: .....

Identiteitsnommer/ paspoortnommer: .....

Huisadres/ tydelike adres: .....

.....

*Die oortreder is nie vir die beweerde seksuele misdryf of misdryf in hegtenis geneem nie.

* Die oortreder is op borgtog. Borgtogvoowaardes: .....

.....

* *Skrap wat nie van toepassing is nie.*

3. BEVEL BEOOG IN ARTIKEL 31(3) OF ARTIKEL 32(3) VAN DIE WET

Die bevel beoog in artikel 31(3) of artikel 32(3) van die Wet—

*(a) is op....., verleen. 'n Afskrif van die bevel is hierby aangeheg.

*(b) word gelyktydig met hierdie aansoek gebring.

* *Skrap wat nie van toepassing is nie*

4. GRONDE VIR AANSOEK

Die aansoek word op die volgende gronde gebring:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

5. BEëDIGDE VERKLARING /PLEGTIGE VERKLARING DEUR ONDERSOEKBEAMPTE

Ek, ... (die ondersoekbeampte) met magsnommer.....

verklaar hiermee dat bovermelde inligting na die beste van my wete waar en korrek is.

.....

HANDTEKENING VAN ONDERSOEKBEAMPTE

.....

PLEK

.....

DATUM

(Ingevul te word deur Vrederegter of Kommissaris van Ede)

Ek sertifiseer dat voordat ek die *eed/bevestiging afgeneem het, ek die volgende vrae aan die verklaarder gestel en *sy/haar antwoorde in *sy/haar teenwoordigheid soos hieronder neergeskryf het:—

(a) Is u vertroud met die inhoud van die bostaande verklaring en begryp u dit?

Antwoord— .....

(b) Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed?

Antwoord— .....

(c) Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete?

Antwoord— .....

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken het dat *hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp, wat voor my gesweer/bevestig is, en die verklaarder se handtekening daarna in my teenwoordigheid aangebring is.

Gedateer te..... op hierdie ..... dag van..... 20.....

.....

GETEKEN: Vrederegter/Kommissaris van Ede

Volle name: .....

Amp: .....

Gebied waarvoor aangestel: .....

Besigheidsadres: .....

.....

**Skrap wat nie van toepassing is nie*

VORM 10

[Regulasie 10(4)]

LASBRIEF VIR INHEGTENISNEMING

Artikel 33(3) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007)(die Wet)

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN .....**GEHOU TE** .....

SAAKNO. .....

Aan die ondersoekbeampte, ...

U word hierby gelas om ..... (die beweerde oortreder) wat—

*(a) na vermoed word nakoming van 'n bevel dat hy of sy vir MIV ingevolge artikel 31 of artikel 32 van die Wet getoets word, kan vermy; of

*(b) nakoming van 'n bevel dat hy of sy vir MIV ingevolge artikel 31 of artikel 32 van die Wet getoets word, vermy het,

in hegtenis te neem en hom of haar sonder versuim na inhegtenisname na enige mediese praktisyn of verpleër of verpleegster te neem sodat die voorgeskrewe bloedmonsters vir MIV-toetsing soos deur die Hof gelas op ....., geneem kan word.

* *Skrap wat nie van toepassing is nie.*

Gedateer te ..... op hierdie ..... dag van .....20.....

....

Landdros **Datum**

Landdroshof .....

AMPTELIKE STEMPEL